Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap vir bedryfspersoneel

Die uitgawe geborg deur: ioMosaic

April 2011




## ← Moenie dat 'n klein lek...

Die foto's wys hoe 'n klein waterlek op 'n konstruksieperseel binne 'n paar minute 'n katastrofiese lek geword het. Die twee foto's is minute uitmekaar geneem.

Hierdie insident herinner ons wat in die prosesindustrie werk dat dit belangrik is om enige lek in pype en toerusting te rapporteer en seker te maak dit word herstel. Enige lek, maak nie saak hoe klein nie, is potensieel gevaarlik. Lekkasies van giftige en vlambare materiale het gewoonlik groter risiko's, maar soos ons kan sien in die foto's......

## ..'n groot lek word nie! →

...kan 'n lek van enige materiaal gevaarlik wees. 'n Klein lek van 'n baie giftige materiaal kan onmiddelik lewens-gevaarlik wees, en 'n klein lek van 'n vlambare of minder giftige materiaal kan vinnig groter word, groot genoeg om 'n wesenlike brand, ontploffing of gesondheidsgevaar te wees.





# Wat kan jy doen?

- As jy deur die loop van jou werk op 'n lek afkom, rapporteer dit onmiddelik. Die tekens dat daar 'n lek is, kan 'n poel vloeistof, 'n drup, verkleurde verfwerk of insulasie of ongewone reuke wees. Volg op om seker te maak dat die lek betyds herstel word.
- Identifiseer watter materiaal dit is wat lek, en volg aanlegprosedures on die area te beveilig totdat die lek reggemaak kan word. Voorbeelde sluit in om te verhoed dat die verspilling versprei, die verspilling te absorbeer, dit te dreineer na 'n veilige plek, waarskuwingstekens op te sit, die gebied af te sper om mense te waarsku en weg te hou van die gevaar af en om ontstekingsbronne te elimineer as 'n vlambare materiaal betrokke is. Jou aanleg se noodprosedures en verspillingsprosedures behoort spesifieke aksies in te sluit vir die spesifieke materiaal betrokke by die verspilling.
- Mens moet besef dat die voorbereiding vir die herstel van die lek tyd kan neem – pype en toerusting moet moontlik eers leeggemaak word, dit mag nodig wees om toerusting af te sit, toerusting moet dalk geïsoleer word van die area waar die herstelwerk gedoen moet word. Hou die lek dop vanaf 'n veilge afstand om vas te stel of dit groter word, sodat gepaste aksies geneem kan word om die groter lek te kan hanteer.
- As jy toerusting inspekteer wat gewoonlik weggesteek is, soos geïnsuleerde toerusting waar jy nie kan sien wat onder die insulasie gebeur nie, kyk vir enige tekens wat 'n aanduiding kan wees van 'n lek en rapporteer jou waarnemings sodat die lek betyds herstel kan word.

***Daar is nie so iets soos 'n "klein" lek nie!***

AIChE © 2011. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Turkish, and Vietnamese.